

Formele Kennisgewing

Kennisgewing van die oordrag van 'n deel van die versekeringsbesigheid van The Standard General Insurance Company Limited na Guardrisk Life Limited ingevolge artikel 38 van die Langtermynversekeringswet, 52 van 1998

The Standard General Insurance Company Limited (registrasienommer 1948/029011/06) ("**Stangen**") gee hiermee kennis ingevolge artikel 38(1)(a)(ii) van die Langtermynversekeringswet, 52 van 1998 ("**die Wet**") van sy voorneme om 'n gedeelte van sy versekeringsbesigheid oor te dra na Guardrisk Life Limited (registrasienommer 1999/013922/06) ("**Guardrisk**") ("**die Beoogde Oordrag**"). Die versekeringbesigheid bestaan uit kredietlewenspolisse ("**Oordrag Polisse**"), wat versprei is deur Residual Debt Services Limited (onder kuratorskap) voorheen bekend as African Bank Limited (onder kuratorskap) ("**RDS**"). RDS het sy bankbesigheid oorgedra na die nuwe African Bank Limited ("**African Bank**").

Indien die Beoogde Oordrag goedgekeur word, is Guardrisk aanspreeklik om al die verpligtinge van Stangen uit te voer tot die mate dat die verpligtinge voortspruit uit die Oordrag Polisse.

Besonderhede van die Beoogde Oordrag word uiteengesit in 'n ooreenkoms wat gesluit is tussen Stangen en Guardrisk gedateer 31 Oktober 2016 ("**die Ooreenkoms**"). Die Ooreenkoms is onderworpe aan sekere opskortende voorwaardes wat vervul moet word, wat insluit, onder andere, dat die Beoogde Oordrag goedgekeur word deur die Registrateur van Langtermynversekering ingevolge artikel 37(1) van die Wet ("**die Registrateur**").

Kopieë van (i) die Ooreenkoms' (ii) verslae deur die statutêre aktuarisse van Stangen en Guardrisk ten aansien van die Beoogde Oordrag; en (iii) enige ander dokumente soos voor geskryf deur die Registrateur, is beskikbaar vir inspeksie vir 'n periode van 20 besigheidsdae wat 'n aanvang neem op 6 Maart 2017 en duur tot 3 April 2017 tussen 09h00 en 17h00 by die ontvangsareas van die hoofkantoor van Stangen geleë Wanderers Office Park, 52 Corlett Laan, First Grant Thornton Gebou, Illovo, Gauteng; by die hoofkantoor van Guardrisk geleë 102 Rivonia Weg, Grondvloer, 2nd Tower, Sandton; en by die hoofkantoor van African Bank geleë te 59, 16de Weg, Midrand, Johannesburg.

Die bovermelde inligting is ook beskikbaar gedurende die bovermelde periode op die webtuiste van Stangen by www.stangen.co.za, die webtuiste van African Bank by www.africanbank.co.za, en die webtuiste van Guardrisk by www.guardrisk.co.za.

Ingevolge artikel (1)(b) van die Wet, mag enige persoon wat 'n belang het by die aangeleentheid binne 15 besigheidsdae vanaf die publikasie van die kennisgewing in die Staatskoerant op 10 Maart 2017, voorleggings doen aan die Registrateur ten aansien van die Beoogde Oordrag relevant tot die belange van sodanige persoon. Die voorleggings moet die Registrateur bereik nie later nie as 3 April 2017.

Stangen en Guardrisk beoog om 'n aansoek by die Registrateur te loods op 24 Mei 2017 vir die goedkeuring van die Beoogde Oordrag ingevolge Deel V van die Wet.

Rig asseblief alle telefoniese navrae aan Stangen se inbel sentrum by 086 100 7966 of die inbel sentrum van Guardrisk by (011) 669 1000 of the inbel sentrum van African Bank by 0861 111 011; of per epos aan enquiries@stangen.co.za in die geval van Stangen, of info@guardrisk.co.za in die geval van Guardrisk, of insuranceclaims@africanbank.co.za in die geval van African Bank.

Verder enige navrae kan ook gerig word aan die Registrateur vir aandag Me. Janet Ehlers by janet.ehlers@fsb.co.za